



Lêerno.: 18/2/P
Verwysing: 20231212-593

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0001/2024

Aan: Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole en vaardigheidskole met leerdervoerskema's

Onderwerp: Wysiging aan die prosedure om goedkeuring te verkry vir die vervanging van voertuie op leerdervoerskema's

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) beskik tans oor 'n voertuigdatabasis vir die leerdervoerskema (LVS) ten opsigte van elke goedgekeurde voertuig op elke LVS-roete in die Wes-Kaap. Hierdie databasis dien as die hoofbron vir distrikte om te monitor of voertuie behoorlik gelisensieer is en of padwaardigheidsertifikate op datum is.
2. Die betroubaarheid van die inligting oor voertuie op die LVS-voertuigdatabasis word nadelig beïnvloed wanneer prinsipale nie die LVS-subdirektoraat by Hoofkantoor betyds in kennis stel wanneer voertuie vervang word nie.
3. Om bogenoemde rede is dit daarom nodig om alle aansoeke om die goedkeuring vir die vervanging van voertuie en bykomende voertuie te sentraliseer. Alle aansoeke moet per e-pos aan itsvehiclereplace@westerncape.gov.za na die subdirektoraat: LVS (Hoofkantoor).
4. LVS-kontrakteurs moet die aangehegte vorm (*Aansoek om die vervanging van 'n voertuig*) invul vir goedkeuring om voertuie te vervang en bykomende voertuie op die LVS-voertuigdatabasis te plaas en dit via die LVS-subdirektoraat indien. LVS-kontrakteurs sal regstreeks in kennis gestel word van die uitslag van hul aansoeke.
5. Vir moniteringsdoeleindes sal skole op SOBIS toegang kan kry tot die LVS-voertuie wat per roete goedgekeur is. Distriksamptenare sal via EduInfoSearch toegang tot die LVS-voertuigdatabasis kan kry. Die LVS-voertuigdatabasis sal as die amptelike rekord dien van goedgekeurde voertuie per leerdervoersroete.

6. Hierdie minuut herroep en vervang Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut 0004/2020 van 29 Julie 2020 in geheel.
7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke persone.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2024-01-24